Spesiale Nuusbrief: 10 Junie 2021

10 Junie 2021

Geagte kollega

Hierdie is die eerste van ‘n reeks spesiale nuusbriewe wat baie vinnig op mekaar sal volg. SA Jagters se kommentaar op die voorgestelde wysigings aan die Wet op die Beheer van Vuurwapens begin vorm aanneem. Ons gaan die kommentaar stuksgewys verskaf aangesien dit baie detail bevat.

1. Eerstens hanteer ons spesifieke onderwerpe, elkeen met ‘n afsonderlike boodskap
2. Tweedens, versoek ons lede om spesifieke petisies te teken oor ‘n verskeidenheid onderwerpe en soortgelyke ondersteunende aksies te neem.

Hierdie inligting wat SA Jagters aanstuur is geensins beperk tot lede nie en u kan die inligting, petisies en aksies so wyd as moontlik versprei. Ons maak ook die petisies in gedrukte formaat beskikbaar vir diegene wat nie die elektroniese weergawes kan teken nie.

Ten einde hierdie inligting so wyd as moontlik beskikbaar te stel en om dit vir soveel mense moontlik toeganklik te maak, is dit doelbewus slegs in Engels saamgestel en aangestuur.

Die eerste inligtingstuk handel oor die definisies wat in die voorgestelde konsepwetsontwerp gewysig word. Die inligtingstuk is hier beskikbaar.

Die tweede inligtingstuk handel oor die doel van die wet wat ook verander word. Dit is hier beskikbaar.

Die eerste petisie om te betoog teen die wysiging van die doel van die wet is hier beskikbaar. Teken dit asseblief.

Laastens het SA Jagters ook op 10 Junie ‘n persverklaring uitgereik oor die voorgenome wysiging van die wet. ‘n Kopie van die persverklaring is hier beskikbaar.

Vriendelike groete

Fred Camphor
SA Jagters: HUB